Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 18 Jul 2018
Page: 6

AVE: 12325.36
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Australiese afrigter slyp SA swemmers

**Wilhelm de Swardt**

As die Statebondspele-borsslagkampioen, Tatjana Schoenmaker, sê sy gee om vir vroueswem, bedoel sy dit opreg.

Daarom het sy met haar borge gereël om een van Australië se voorste afrigters, Scott Volkers, te betaal om verskeie van Suid-Afrika se voorste vroueswemmers gedurende die koue Julie-vakansie by Tuks af te rig.

Volkers het al onder meer die voormalige wêreldrekordhouer Susie O'Neill en die agtmalige Olimpiese medaljewenner Samantha Riley afgerig.

Die aanvanklike plan was dat Volkers net met Schoenmaker en 'n paar ander Tuks-swemmers sou werk, maar sy wou niks daarvan weet nie. Sy het daarop aangedring dat soveel as moontlik vroueswemmers moet baat by Volkers se kennis.

Marlies Ross, Nathania van Niekerk, Kaylene Corbett en Duné Coetzee, wat almal by die Statebondspele in aksie was, is genooi, so ook die 16-jarige Christin Mundell wat Suid-Afrika by die Jeug Olimpiese Spele in Argentinië gaan verteenwoordig.

Op die ou einde het altesame 120 swemmers die twee-weke-oefenkamp bygewoon. Rocco Meiring (Schoenmaker se afrigter) het ook 'n groot rol gespeel om die swemmers te maak verstaan wat hulle moet doen om daardie waardevolle honderdstes van 'n sekonde vinniger te swem.



**Tatjana Schoenmaker het met die hulp van haar borge die Australiese afrigter Scott Volkers gekry om 'n slypskool vir Suid-Afrikaanse vroueswemmers aan te bied.**
Foto: REG CALDECOTT

Volgens Meiring is daar besluit dat Schoenmaker nie vanjaar aan die Wêreld-Kortbadbyeenkoms (25 meter) sal deelneem nie.

"Tatjana besef terdeë dat sy nie vir ewig sal kan swem nie daarom is haar BCom Finansiële Bestuurstudies belangrik. Sy moes reeds baie opofferinge maak wat haar studies betref terwyl sy vir die Statebondspele voorberei het.

"Daarom moet ons nou meer kieskeurig wees oor wanneer en waar sy deelneem. Ons het reeds die uitnodiging om aan die Wêreldbekerreeks deel te neem van die hand gewys. Haar volgende groot byeenkoms is aanstaande jaar se Suid-Afrikaanse byeenkoms wat as proewe vir die Wêreldbyeenkoms dien."

Die Wêreld-Studentebyeenkoms vind ook volgende jaar plaas. Verlede jaar in Taipei het Schoenmaker 'n silwermedalje in die 200 m-borsslag gewen. Dit was haar eerste groot deurbraak in internasionale swem.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.